

Wenke vir sukses in alle vakke

1. Tale

Inleiding

Taal is 'n instrument wat gebruik word vir denke en kommunikasie. Taalonderrig in die Senior Fase sluit al die amptelike tale in Suid Afrika in, naamlik Afrikaans, Engels, isiNdebele, isiXhosa, isiZulu, Sepedi, Sesotho, Setswana, Siswati, Tshivenda en Xitsonga. Hierdie tale kan aangebied word op Huistaalvlak, Eerste Addisionele Taalvlak asook Tweede Addisionele Taalvlak.

Huistaal maak voorsiening vir taalbedrewenheid met die klem op lees- en skryfvaardighede. Eerste Addisionele Taal word gebruik vir kommunikasiefunksies in die samelewing.

Tweede Addisionele Taal leer basiese interpersoonlike kommunikasie-vaardighede.

Graad 9 Inhoud

Die taalkurrikulum word volgens die volgende vaardighede gestruktureer:

Luister & Praat

Deur middel van effektiewe luister en praat, sal jy inligting versamel en saamvoeg, kennis bou, probleme oplos en menings en idees kan uitdruk.

Lees & Kyk

Om 'n kritiese en kreatiewe denker te word, moet jy bedrewe wees in die lees en kyk van 'n verskeidenheid literêre en nie-literêre tekste, insluitend visuele tekste.

Skryf & Aanbied

Gereelde skryfoefening sal jou in staat stel om funksioneel en kreatief te kommunikeer. Skryf is 'n kragtige instrument van kommunikasie wat jou sal toelaat om idees en gedagtes duidelik te formuleer en oor te dra.

Taalstrukture en -konvensies

Jy sal leer hoe taal gebruik word en sal in staat wees om hierdie kennis te gebruik om te eksperimenteer met taal vanaf woord- en sinsvlak asook in volledige tekste.

Tydstoekening

Die onderrigtyd vir Huistaal is 5 uur per week, en 4 uur per week vir Eerste Addisionele Taal. Jy moet gedurende die jaar 'n verskeidenheid tekste en genres lees en jou skryfvaardighede daaglik oefen deur 'n skryfjoernaal te hou.

Assessering

Die vaardighede in Tale word as geïntegreerde aktiwiteite geassesseer wat uiteindelik die elf Formele Assesseringstake in graad 9 opmaak. Formele Assesseringstake (FATe) bestaan uit toetse, eksamens, praktiese take, projekte, mondelingtake, rolspel, geskrewe take, ens. Die punte wat jy behaal in die Formele Assesseringstake sal formeel opgeteken word deur jou Tale onderwyser/-es vir slaagdoeleindes. Promosie vanaf graad 9 na graad 10 sal plaasvind indien jy aan die volgende slaagvereistes in Tale (soos opgeteken gedurende en aan die einde van die jaar) voldoen:

Amptelike Taal 1 - Huistaal
Vlak 4 (Voldoende prestasie 50%-59%) in een van die amptelike tale

Amptelike Taal 2 -
Eerste Addisionele Taal
Vlak 3 (Matige prestasie 40%-49%)
in die ander amptelike taal

Daar is 'n wye verskeidenheid bronne en hulpmiddels tot jou beskikking om jou te help met jou Taalstudie, insluitend woordeboeke. Sorg dat jy 'n lid word van jou naaste biblioteek!

Loopbane waar tale gebruik word

Kennis van een of meer buitelandse taal kan nuttig in 'n wye verskeidenheid beroepe wees. In sommige beroepe soos vertaling, die tolkweese en taalonderwys, is taalvaardigheid een van die belangrikste vereistes.

In ander beroepe mag jy 'n kombinasie van tale en ander kwalifikasies, kennis of vaardighede benodig. Byvoorbeeld, mense met Tale asook Informatietegnologie, Regte, Finansies of Verkoopvaardighede is baie gesog.

Tale is die voertuig waarmee alle vorme van kennis aangeleer word. Die taalvaardighede wat jy in graad 9 aanleer sal tot jou voordeel strek in enige verdere studies vir die loopbaan van jou keuse.